

Doel van hierdie begeleidingsmateriaal:

- om jou vertrouwd te maak met 'n leefstyl waar jy Jesus navolg;
- om dissipelskap as 'n leefwyse van innerlike transformasie, wat strek oor jou hele lewe in alle seisoene van jou lewe, in te oefen;
- om dissipelskap te beleef as 'n dinamika in jou lewe waarmee jy ander en die lewe self positief impakteer.

Bronne

- Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2
- Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2 Dissipelskap – 'n Geloofsreis van Innerlike Transformasie in 5 Lewensruimtes

Riglyne:

- Julle hoef nie voor te berei vir die ontmoeting nie – alhoewel voorbereiding ook 'n geloofsdissipline is wat meriete het.
- Julle hoef nie die materiaal in een ontmoeting af te handel nie. Elke groep bepaal sy eie ritme.



**Wees met jouself
Voel jou hartklop**

Ontmoeting 6 – Lewensruimte: Wees met jouself

(Hoogland-Leefstylgids Dissipelskap bladsy 28-31)

1. Oriëntasie: Raak bewus van God se teenwoordigheid

1.1. Vertel vir mekaar:

1.1.1. Wat aan jou lewe vir jou wonderlik is.

1.1.2. Wat daar aan die mens is wat wonderlik is.

1.2. Dank God as die Skepper van die mens.



**Bewus
van God**

2. Lees:

2.1. Bybelteks:

2.1.1. Lees 139:1-18, 23-24




Lees

3. Luister en Gesels – Vals & Ware Self

(Hoogland-Leefstylgids – Dissipelskap bladsy 28-30)

3.1. Lees (p28-30) en gesels oor die ontwikkeling van die **Vals self**.

3.1.1. Wat maak dat julle dalk *human doings* en nie *human beings* is nie?



**Luister &
Gesels**

- 3.1.2. Hoe kan julle dit verander?
- 3.2. Lees die paragraaf (p30) oor die ontwikkeling van die **Ware self**. Watter raad kan julle vir mekaar gee oor die ontwikkeling van die ware self?
- 3.3. **Radikale innerlike transformasie** (p30-31).
- 3.3.1. Lees die inligting oor radikale innerlike transformasie (p30-31).
- 3.3.2. Wat in hierdie konsep skrik jou af?
- 3.3.3. Radikale innerlike transformasie gaan oor *becoming a new kind of person*. Wat is julle ervaring: Wanneer verander mense?
- 3.3.4. Gee vir mekaar wenke om getrou te bly aan Jesus se beeld van die loot wat ingeplant is op die wingerdstok. Is daar vandag een spesifieke saak wat uitstaan oor so 'n lewe?

4. Gaan leef

- 4.1. Die **geloofsgewoonte** op p32 fokus op selfondersoek en belydenis. Hierdie geloofsgewoonte vra nogal 'n mens se intense betrokkenheid. Dink julle mense sien nog vandag kans hiervoor?
- 4.2. Gebruik hierdie geloofsgewoonte vir ten minste 'n week. Wees ontvanklik vir dit wat die Heilige Gees by jou wil tuisbring.
- 4.3. Dink julle ons kan mekaar meer help met hierdie soort selfontdekking? Hoe? Dalk vir mekaar mentors te wees? Of dalk spirituele begeleiers vir mekaar te wees? Sien julle kans hiervoor?



5. Afsluiting:

- 5.1. Bid Ps 139:23 - *Ondersoek my ... ken my hart ... toets my ...*
- 5.2. Bid Ps 139: 24: - *Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie ...*
- 5.3. Bid hierdie frase uit die gebed van Rowland Croucher – *Die reis saam met U* (bladsy 48 Hoogland-Leefstylgids Dissipelskap):

Here, ek wil graag verander,
 maar nie net met 'n kosmetiese regstelling nie.
 Reik asseblief met u genesende hand tot in my diepste wese,
 om uit te sny waar nodig, te reinig, te transformeer.
 Ek is so moeg van bolangs skoonmaak,
 sonder om regtig te verander.
 Here, as u lig nie tot in my donkerste hoeke skyn nie,
 sal ek nooit weet wie ek werklik is nie.
 Integreer my bewuste en onbewuste lewe beter met mekaar.
 Bring groter eenheid tussen wat ek sê en wat ek doen,
 sodat ek ook die betekenis van “integriteit” sal ken.
 Dit is net U wat só doel en rigting aan my lewensreis kan gee.
 Here, ek het gepraat van “uitsny”. U weet hoe bang ek daarvoor is.
 Maar die oneerlikheid en selfmisleiding móét uit.
 Laat u liefde en vergifnis die narkose wees by dié prosedure.
 Laat my dan opstaan en verder saam met U reis.

Amen.

